DR. P. J. ROSCAM ABBING, *Biecht en Absolutie*, Boekencentrum N.V.—'S-Gravenhage, 1958.

Hierdie publikasie is die 13de in die serie „Praktisch Theologische Handboekjes", wat deur die „Werkgroep voor Zielszorg" van die „Raad voor de Herderlyke Zorg der Ned. Herv. Kerk", die lig laat sien is. Die skrywer van hierdie studie gee in die voorwoord 'n tweeërlei doel aan met hierdie werkie: dit wil nl. die diskussie oor bieg en absolusie in die Nederlands Hervormde Kerk open, 'n saak waaroor daar van Protestantse kant, in teenstelling met wat die geval in Duitsland en Frankryk is, nog weinig nagedink is. Verder is die bedoeling om met hierdie diskussie, die sielsorg, waarvan hierdie tema 'n onderdeel is, te suiwer en te verdiep.

Die sentrale vraag wat die skrywer behandel, is of daar naas die bekende biegvorme soos bv. die hartebieg (die direkte biddende skuldbelydenis voor God); die versoeningsbieg (van mens tot mens oor een of ander vergryp); die gemeentelike boetedoening ens., en naas die absolusie in die gestalte van die toesegging van vergewing in die prediking, ook nog plek en noodsaaklikheid bestaan vir spesiale, privaatbieg en absolusie, en of hierdie privaatbieg en -absolusie aan die amp gebonde is, en of dit die taak is wat aan elke christen gestel is.

Die skrywer behandel sy stof in sewe hoofstukke waarin hy o.a. die noodsaaklikheid van besinning, die eksegetiese en dogmatiese aspekte, die struktuur van bieg en absolusie, behandel. Die skrywer bied sy stof beheersd, duidelik en deeglik gefundeerd aan, terwyl hy die hele probleem met passende saaklikheid en versigtigheid behandel.

Sy ondersoek resulteer in die konklusie dat daar wel plek en noodsaak is vir bieg en absolusie in die kerklike sielsorg. Hy grond sy bevinding op die Skrifgegewens, asook die positiewe houding wat hy by die Reformatore vind t.o.v. hierdie vraag. Verder wil hy dit nie prinsipiëel aan die amp bind nie, hoewel die predikant prakties tog eerste in aanmerking kom. Hy wil bieg nie 'n verpligting maak nie, maar reken dat dit deur toegewyde sielsorg tog met 'n sekere spontaniëteit tevoorskyn sal tree.

In 'n slothoofstuk is die kritiek opgeneem van enkele persone oor die beskouings van die skrywer oor hierdie saak. Behalwe enkele terloopse opmerkings, dat nl. die Skrifgegewens nie volledig behandel word nie, en dat daar wel die gevaar van 'n „ex opere operato" bestaan, is m.i. die belangrikste vraag wat gestel word, en wat ons ook as belang-

rikste punt van kritiek wil stel, hierdie: of daar wel nog noodsaak bestaan vir private bieg en absolusie as toevoeging tot die toesegging van vergewing in die prediking van die regverdiging-van-die-goddelose.

Nietemin beskou ons hierdie werk belangwekkend en wil dit graag by predikante aanbeveel. Hoewel daar by ons nog nie 'n merkbare onrus oor die sielsorg bestaan nie en waarskynlik nog geen behoefte aanwesig is om hierdie tema te bespreek nie, sal die diskussie vroeër of later tog ook by ons geopen moet word. Om die gedagtes daartoe te stimuleer, is hierdie werkie besonder geskik.

F. J. VAN ZYL